

"MANLIK EN VROULIK IN DIE KERK" – NABETRAGTING OOR 'N BOEK EN KONFERENSIE

GJC Jordaan

1. INLEIDING

Op 22 en 23 April het die Gereformeerde Teologiese Vereniging (GTV) 'n konferensie in Potchefstroom gehou oor die onderwerp "Manlik en Vroulik in die Kerk". Die konferensie het gedraai om 'n studie wat vroeër vanjaar oor die onderwerp in opdrag van die GTV afgehandel is. Die resultate van die studie is gepubliseer in 'n boek getiteld *Manlik en Vroulik in die Kerk. Geslagtelikheid in die besondere dienste*¹ onder outeurskap van Douw G Breed, Fika J van Rensburg en Gert JC Jordaan². Omdat die boek as werksdokument vir die konferensie uitgegee is, was die verstandhouding van die outeurs uit die staanspoor dat die gepubliseerde boek nie as die eindpunt van die studie beskou moet word nie maar in 'n sekere sin as vertrekpunt. In die lig van insette wat tydens die konferensie, veral deur die aangewese respondente, gelewer word, moes in aanmerking geneem word vir moontlike hersiening van standpunte wat in die boek gestel word. Teen hierdie agtergrond maak ek, as een van die mede-outeurs van die boek, in hierdie voordrag by wyse van nabetragting enkele opmerkings en voorstelle oor die boek en die konferensie.

By die konferensie is verskeie opmerkings van die vloer af gemaak, waaraan die outeurs en ander eksegete beslis vorentoe aandag sal moet gee. Die hoofitem op die spyskaart, benewens die toeligting deur die outeurs self, was egter die insette van die drie vooraf-aangewese respondente van buitelandse kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan. Die respondente was dr Paul Archbald van die RCNZ, dr David Holwerda van die CRC en dr George Knight van die OPC. Die respondente het op verskeie aspekte van die boek kommentaar gelewer. In hierdie voordrag word egter net aan enkele kernsake aandag gegee, nl. die kwessie van die regulerende beginsel (dr Archbald), die kwessie van minder of meer oortuigende eksegeses (dr Knight), die handhawing van veelvuldige verklaringsmoontlikhede (dr Knight en dr Holwerda) en die redes vir die handhawing van veelvuldige verklaringsmoontlikhede (die konferensiegangers).

2. DIE REGULERENDE BEGINSEL

In die afdeling waarin oor openbaringshistoriese vertrekpunte besin word (3.2.3.1.1, p.46-47), begin *Manlik en Vroulik* met 'n verwysing na die Studierapport van die GKSA-Sinode 1988 waarin opgemerk is dat daar nêrens in die Bybel 'n Skrifdeel is wat uitdruklik gebied of verbied dat die vrou in enige kerklike amp dien nie. Tereg word gestel dat hierdie opmerking nie vertolk moet word asof die Skrif niks oor die aangeleentheid sê nie maar dat dit bloot daarop dui dat "lig (soms baie duidelike lig!) uit die openbaringshistoriese lyne van die Skrif" geneem moet word (2008:47). In dieselfde asem word gewaarsku teen die "regulerende beginsel", wat daarvan uitgaan dat 'n saak nie toelaatbaar is nie tensy die Bybel dit uitdruklik gebied, en die omgekeerde daarvan, nl. dat alles toegelaat moet word tensy die Bybel dit uitdruklik verbied (2008:47). In sy respons wys dr Archbald daarop dat hierdie waarskuwing 'n wanvoorstelling van die "regulerende beginsel" bevat. Hy begrond sy stelling o.a. in die Institusie en kommentare van Calvyn, in die Nederlandse Geloofsbelydenis en in

¹ Die bydraes van die respondente is bedoel om eersdaags as artikels in *In die Skriflig* te verskyn.

² Hierna kortweg genoem *Manlik en Vroulik* (2008). Die uitgewers, Potchefstroomse Teologiese Publikasies, het die boek ook in Engels uitgegee onder die titel *Male and Female in the Church. Gender in the Ordained Ministries*, 2008.

die Heidelbergse Kategismus. Dit is belangrik dat hierdie stelling van Archbald geweeg word.

2.1.1 Die term "regulerende beginsel"

Op soek na 'n definisie van die regulerende beginsel val dit op dat die uitdrukking "regulerende beginsel" in die Gereformeerde literatuur betreklik onbekend is. Dit is egter al 'n geruime tyd in diskussie in die geledere van die Gereformeerde Presbiteriane. In die veertigerjare van die twintigste eeu is die term in gebruik geneem deur John Murray, 'n gereformeerde teoloog van die *Free Presbyterian Church of Scotland* wat by Princeton en later by Westminster Theological Seminary Dogmatiese vakke doseer het (vgl Murray, 1984). Met hierdie term het hy probeer om 'n stelreël vir die inrigting van die erediens en die kerklike inrigting oor die algemeen te omlin. Hierdie "regulerende beginsel" behels dat die kerk God op geen ander wyse mag aanbid of dien as wat Hy in sy Woord voorskryf nie.

Murray het die term "regulerende beginsel" blykbaar by die Puriteine gekry, met die gevolg dat sommige presbiteriane Murray se idee uit die staanspoor verwerp het as 'n "puriteinse nuwigheid" van die "Elizabethan settlement" wat vreemd is aan die Gereformeerde tradisie van die Europese vasteland (Packer, J.I., aangehaal deur Williamson, 2001:9). Boonop is die toepassing van die "regulerende beginsel" deur sommige groepe nie tot die kerklike inrigting en erediens beperk nie maar ook na die terrein van die Etiek uitgebrei. In die Etiek word die "regulerende beginsel" dan so toegepas dat etiese kwessies aangepak word met die Bybel as enigste inligtingsbron, sonder inagneming van God se openbaring in die skepping. Die gevolg is dikwels 'n oorraging of selfs misbruik van die Skrif, of ten minste 'n eensydige of skeefgetrokke Skrifberoep in die Etiek. Hierdie verkeerde gebruik van die regulerende beginsel het heelwat negatiwiteit daarteenoor veroorsaak.

Tog was dit duidelik dat hierdie verkeerde gebruik hoegenaamd nie was wat Murray met die regulerende beginsel in gedagte gehad het nie. Gereformeerde Presbiteriane hulle uiteindelik ook nie deur die moontlike Puriteinse herkoms van die term laat afskrik nie, met die gevolg dat die handhawing van die regulerende beginsel in die loop van die twintigste eeu 'n stewige staanplek in Presbiteriaanse kringe gekry het.

Teoloë van die Gereformeerde kerke het egter in die debat oor hierdie beginsel tot 'n groot mate op die kantlyn bly staan. 'n Moontlike rede hiervoor is dat die idee van 'n "regulerende beginsel" nog altyd vreemd aan die gereformeerde teologie was en steeds is. Die gevolg is dat Gereformeerdes waarskynlik Packer se vrees vir 'n "puriteinse nuwigheid" deel. Boonop is daar by baie Gereformeerdes die persepsie dat aanhangers van die regulerende beginsel 'n oormatige bekrompenheid in kerklike praktyke voorstaan. Hierdie persepsie kan moontlik toegeskryf word aan die optrede van enkele voorstanders van die regulerende beginsel wat eis dat slegs dit in die kerk toegelaat mag word *wat uitdruklik as direkte, woordelikse bevel in die Skrif gevind kan word. Die optrede van sulke persone sou wel op 'n vorm van Biblisme neerkom, maar dit moet nie met die eintlike regulerende beginsel verwar word nie.* Wat is die uitgangspunt van die regulerende beginsel hieroor? Williamson (2001:2) skryf: "Nie alles wat die Here beveel het, is in die Skrif opgeteken in die vorm van 'n direkte bevel nie. Maar deur goeie en noodsaaklike gevolgtrekking uit die Skrif kan ons seker wees oor wat Goddelike magtiging het en, aan die ander kant, wat dit *nie* het nie." As voorbeeld hiervan noem Williamson die kinderdoop.

Uit bogenoemde getuienis blyk dit dus dat dit nie korrek is om die regulerende beginsel bloot as 'n vorm van Biblisme af te maak, soos wat in 3.2.3.1.1 van *Manlik en vroulik in die Kerk* gedoen word nie. Ten minste moet daar meer genuanseerd oor hierdie beginsel gepraat word as wat in 3.2.3.1.1, 15.6 en 16.1.11 van die boek gebeur. Trouens, groter kundigheid oor die aangeleentheid sal die besef laat posvat

dat dit wat met die beginsel bedoel word, in werklikheid nie vreemd aan die gereformeerde teologie en godsdiens is nie.

2.2.2 'n Eg gereformeerde uitgangspunt

Hoewel die uitdrukking "regulerende beginsel" om redes wat hierbo genoem is waarskynlik moeilik in Gereformeerde kringe ingang sal vind, is die saak waaroor dit gaan tog nie by Gereformeerdes vreemd nie. Daarom stel Henry Sikkema (1999) voor dat eerder gepraat word van die "Bybelse beginsel" of "gereformeerde beginsel" van kerklike diens ("Scriptural principle of worship"; "reformed principle of worship"). Sikkema dui dan aan dat hierdie beginsel in sy wese niks anders wil sê nie as die *Sacra Scriptura*-uitgangspunt van die reformasie. Hy meen verder dat die beginsel in werklikheid net die Skrif en die gereformeerde belydenisskrifte nasê (Sikkema, 1999:8).

Ook Williamson (2001:2-5) gee 'n uiteensetting van die Skrif- en Belydenisgronde waarop die regulerende beginsel berus. Hy toon ook aan dat Calvyn, vir wie die term "regulerende" of "gereformeerde beginsel" onbekend was, dit in wese gehandhaaf het in sy stryd teen die Roomse vervalsing van die kerklike diens. Calvyn skryf byvoorbeeld (vgl Beveridge, 1930:118): "Ek weet hoe moeilik dit is om die wêreld te oortuig dat God alle maniere om Hom te vereer wat nie uitdruklik in sy Woord goedgekeur word nie, afkeur. Die teenoorgestelde oortuiging kleef hulle aan ... dat wat hulle ook al doen, vanself aanvaarbaar is, solank dit maar 'n soort ywer vir die eer van God vertoon (eie vertaling)." In sy kommentaar op Matteus 15:9 skryf Calvyn (1979;253-254): "Since God wishes to be worshipped in no other way than according to his own appointment, he will not at all permit new forms of worship to be invented. As soon as men allow themselves to wander beyond the limits of the Word of God, all their effort and anxiety in worshipping him will only bring them greater judgement; for by such inventions religion is dishonoured."

Dat die korrekte gebruik van die regulerende beginsel in werklikheid met die gereformeerde belydenisskrifte ooreenstem, blyk uit die volgende:

- Heidelbergse Kategismus V/A 96: Wat eis God in die tweede gebod? "Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie en *Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie* (eie kursivering – GJCJ)."
- NGB Art 7: "Aangesien *die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, in die Heilige Skrif uitvoerig beskrywe word*, mag niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons deur die Heilige Skrif geleer word nie (eie kursivering – GJCJ)."
- NGB Art 32: "Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, *tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie*. En daarom *verwerp ons alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing*. Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou (eie kursivering)."

Uit laasgenoemde artikel van die Nederlandse Geloofsbelydenis is dit duidelik dat hierdie onderneming in die belydenis om God op geen ander manier te dien as wat Hy in sy Woord beveel nie, nie net vir die inrigting van die erediens nie maar ook vir die kerkregering en –orde geld.

Uiteraard het Calvyn met die *Sola Scriptura*-benadering en so ook die gereformeerde belydenisskrifte afwysend gestaan teenoor die bykomstige sakramente en ander praktyke wat Rome in die kerk ingevoer het. Rome se aanbiddingspraktyke het verder gegaan het as wat God in sy Woord voorskryf, maar vir Rome was dit geen

probleem nie aangesien hulle die Skrif nie meer as enigste kanon van die waarheid beskou het nie. Hierin het Luther 'n tussen-standpunt gehad. Hoewel hy die Roomse beskouing van 'n oop kanon verwerp het, was hy egter bereid om vir sekere van die Roomse praktyke ruimte te laat *solank die Skrif dit nie uitdruklik verbied nie*. Daarmee het hy die grondslag gelê vir wat Archbald (respons, p.1) die "Lutherse-Anglikaanse" vorm van die regulerende beginsel noem. Hiervolgens kan geen optrede in die kerk verbied word nie tensy dit in die Skrif uitdruklik verbied word.

In 3.2.3.1.1 van *Manlik en Vroulik in die Kerk* word hierdie aweregse vorm van die regulerende beginsel tereg afgewys. Nogtans word ook hierby 'n groter genuanseerdheid verlang, veral waar hierdie benadering sonder meer as "Biblisisties" getipeer word.

3. EKSEGETIES "ON/HOUDBAAR" EN/OF "ON/OORTUIGEND"?

Dr George Knight bespreek in sy respons die uiteenlopende eksegetiese resultate waarby daar in *Manlik en Vroulik* uitgekome is. Wat hom veral opval, is die onderskeid tussen eksegeties "on/houdbare" en/of "on/oortuigende" resultate. Ter inleiding hieroor skryf hy (respons, p.8): "A note has been sounded throughout this study that each view expounded is exegetically tenable and that the only difference between each is the persuasiveness of one over the other. And this perspective has become a dominant note in the final conclusions on our attitudes and on the way forward." Hierdie benadering, merk Knight op, is 'n mooi getuigenis van nederigheid van eksegete waarin hulle "extend in courtesy to each other the possibility that the other may be right in his exegesis."

3.1 Verdraagsaamheid ter wille van eenheid?

Hierdie opmerking van Knight is straks 'n goeie samevatting van die gees waarin die studie aangepak is. Elkeen van die betrokkenes se bedoeling was dat hierdie studie tot die eenheid van die kerk bydra en nie tot verskeurdheid nie – 'n gesindheid wat in Artikel 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis verwoord word: " Ons aanvaar ... slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder." Die aanvanklike doel van die studie – "Is die water diep of net troebel?"³ – was om bloot 'n eerlike bestekopname van die verskille wat daar onder Gereformeerdes oor hierdie vraagstuk bestaan te maak. Uiteraard, vanweë die ywer vir die eenheid van die kerk, sou die betrokkenes graag wou bevind dat die water net troebel is. Om by hierdie bevinding uit te kom, sou dit moes blyk dat die verskille wat daar wel is, nie te ernstig is nie en dat die kerke daarmee behoort te kan saamleef. Dit kan moontlik die verklaring wees vir die "dominant note" van besondere nederigheid in die eksegetiese wat in *Manlik en Vroulik in die Kerk* na vore kom.

Mooi en reg soos hierdie eenheidstrewende en gepaardgaande eksegetiese nederigheid is, kan met reg gevra word of dit nie onbewustelik die gebalanseerdheid van die studie beïnvloed het nie. Die eenheid van die kerk word immers bewaar en bevorder juis deurdat die kerk eendragtig daarop gerig is "om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou (NGB Art 32, hierbo aangehaal)." Die balanseerpunt van eenheid in die kerk lê dus nie daarby dat die kerke met onderlinge verskille saamleef nie, maar dat die kerke uiteindelik eenstemmigheid bereik oor wat God van ons eis en om daardie eis dan in gehoorsaamheid te onderhou. Dit sluit in eenstemmigheid oor die wyse waarop God wil hê die regering van sy kerk ingerig moet word – ook die rol wat Hy wil hê manlike en vroulike lidmate daarin moet vervul.

Ter begroning van hierdie belangrike balanseerpunt wys dr Knight in sy respons (p. 9) op die situasie in die kerk in Korinte. Die Korintiese kerk was bekend vir verdeeld-

³ Die lesing van dr Douw Breed voor die GTV op 16 Augustus 2006.

heid en partyskappe ("Ek is van Paulus, ek van Apollos ...", 1 Kor 1:12). Blykens 1 Korintiërs 11–14 het die verdeeldheid onder meer gegaan oor die inrigting en funksionering van die gemeente (bv die erediens, die nagmaal en die kerkregering). Ook oor die vraagstuk van die onderskeie rolle van mans en vroue in die kerk was daar meningsverskil (1 Kor 11:2-16; 14:26-40). Na aanleiding van Paulus se vroeëre leringe (vgl 1 Kor 11:2), bes moontlik na aanleiding van uitsprake soos dié in Galasiërs 3:28, was daar sommige wat gemeen het dat die onderskeie rolle van mans en vroue in die huwelik en in die kerk nie meer geld of noodsaaklik is nie. Oor hierdie geskilpunt wou Paulus hê dat daar by die Korintiërs rus en vrede moet wees (vgl 1 Kor 11:16). 'n Maklike oplossing vir Paulus sou wees om aan hulle te skryf dat hierdie geskilpunt nie so ernstig is nie en dat hulle die verskillende standpunte maar in liefde moet verdra⁴. Maar Paulus doen dit nie. In plaas daarvan neem hy baie sterk standpunt oor die aangeleentheid in (1 Kor 11:2-16; 14:26-40) en voeg daarby: "Julle moet erken dat wat ek aan julle skrywe, bevele van die Here is" (1 Kor 14:37). Ware rus en vrede kan bereik word slegs in eenparige onderworpenheid aan die bevel van die Here. Tot dusver dr Knight se argument.

Sonder dat dr Knight dit uitdruklik in sy respons noem, is die implikasies van sy argument voor die hand liggend: ware vrede en eenheid in die kerk word nie gediend deur in hoflikheid uiteenlopende maniere van verstaan van God se bevel langs mekaar – as meer of minder oortuigend – te tolereer nie. Eenheid in die kerk kan slegs bereik word deur tot 'n eenparige verstaan van God se bevel in die Skrif te kom. Wanneer *Manlik en Vroulik* hieraan gemeet word, blyk die volgende:

- Die betrokke eksegete het in verskeie opsigte wel tot 'n eenparige verstaan van die Skrif gekom (vgl 17.2.1, p.200-201), waarvoor daar groot dankbaarheid moet wees.
- Daar is egter enkele Skrifdele waarvoor daar nie tot eenparigheid gekom kon word nie (17.2.2, p.201-202). Ongelukkig is hierdie Skrifdele juis dié wat kardinaal is vir die verstaan van die Skrifleer oor die rol van mans en vroue in die kerk.
- Hoe moet hierdie verskille in die kerk hanteer word? In *Manlik en Vroulik* word twee moontlike uitweë genoem:
 - Enersyds word genoem dat die verskillende eksegetiese resultate "net weer bevestig dat die eksegetiese nog nie afgehandel is nie" (17.3.1, p.203; ook 17.3.2.2, p.204). Die kerk kan dus nie tot rus kom voordat daar nie eenstemmigheid kom oor wat die Here oor hierdie aangeleentheid in sy Woord beveel nie.
 - Andersyds word genoem dat eksegetiese verskille "nie die oorsaak van verdeeldheid in die kerk moet wees nie" en dat "die kerke in sinode nie 'n besluit moet neem wat één verstaansmoontlikheid sanksioneer en die ander as ketter verklaar nie" (17.3.1, p.203).

In die lig van dr Knight se respons verdien die laaste van bogenoemde moontlike uitweë die volgende kritiese opmerking. Toleransie van verskille oor wat die Here in sy Woord beveel (en of Hy werklik beveel) kan slegs as interim-maatreël dien *totdat die kerke oor hierdie saak tot eenstemmigheid kom* (d.i. die eerste uitweg hierbo). Dit kan egter nie as blywende 'oplossing' of selfs as 'resep vir eenheid' deur die kerk nagevolg word nie. So 'n manier van doen word juis deur Paulus se hantering van die verskille in Korinte afgewys.

Paulus se hantering van die verskille word verder geïllustreer deur 1 Korintiërs 11:18-19 waar Paulus skryf: "Wat my veral hinder, is dat daar, soos ek hoor, verdeeldheid onder julle is wanneer julle as gemeente saamkom; en gedeeltelik glo ek dit ook. Daar moet trouens partyskappe onder julle wees ..." Daarmee bedoel Paulus nie dat meningsverskille in die kerk maar onbeprek moet bly voortduur nie. Inteendeel, hy

⁴ Let juis op op die sentrale plek wat die hoofstuk oor liefde in 1 Korintiërs 11-14 inneem.

voltooi die sin in vers 19 deur te sê: " ... sodat dit bekend kan word wie van julle die toets kan deurstaan." Calvyn se verklaring van hierdie laaste sin is miskien skerp bewoord, maar bring die bedoeling duidelik na vore: "For as this (want of proper agreement – GJCJ) gives occasion for discovering the fickleness of those who were not rooted in the Lord's Word, and the wickedness of those who had assumed the appearance of good men, so the good afford a more signal manifestation of there constancy and sincerity" (1979b:367).

3.2 Die maatstaf waaraan eksegetiese verskille geweeg word

Meningsverskille onder gelowiges oor hoe die Skrif op plekke verstaan moet word, is dus nie vreemd nie en is in 'n sekere opsig onafwendbaar. Die belangrike saak is dat hulle die verskille bly weeg en oorweeg, sodat hulle uiteindelik tot eenstemmigheid kan kom. Daarby is dit belangrik dat daar duidelikheid moet wees oor die maatstaf waaraan die verskille geweeg moet word. In Hoofstuk 4 van *Manlik en Vroulik* word drie maatstawwe vir beoordeling van eksegetiese aanbeveel (4.2, p.65-66), naamlik

- of dit prinsipiële *geoorloof of ongeoorloof* is,
- of dit *eksegeties houdbaar of onhoudbaar* is, en
- of dit *eksegeties oortuigend of onoortuigend* is.

In die konkluderende hoofstuk van die boek word bevind dat waar die betrokke eksegete oor die verklaring van bepaalde Skrifdele van mekaar verskil, dit slegs op die laaste maatstaf verskil, nl. op die vraag watter verstaansmoontlikheid eksegeties die mees oortuigende is (17.2.2, p.202). Hierdie laaste maatstaf verg egter verdere besinning⁵. Met reg kan gevra word wie of wat as norm geld vir die mate waarin eksegete oortuigend of onoortuigend is.

- Is dit die menslike rede of logika? Indien wel, bestaan die gevaar dat die eksegete in die slaggat van die rasionalisme kan beland.
- Is dit bloot subjektiewe aanvoeling? Indien wel, bestaan die gevaar dat die eksegete in die slaggat van die subjektivisme kan beland.

Hoe groot die gevaar van rasionalisme en/of subjektivisme is, blyk uit die gedeelte in die laaste hoofstuk waarin gepraat word oor gesindhede op die pad vorentoe (17.3.2.1, p.203): "Elke gelowige moet hieroor die volgende vir hom-/haarself sê: 'As ek moet erken dat iemand se navorsing *bloot eksegeties vir my minder oortuigend is as my eie* (eie kursivering, GJCJ), moet dit my tot groot versigtigheid maan in my beoordeling'."

Die sterk gereformeerde ondertoon van die Hoofstuk in die boek wat oor hermeneutiese uitgangspunte handel, bied egter goeie rede om te aanvaar dat die bedoeling nie is om die pad van die rasionalisme of subjektivisme op te gaan nie. In plaas daarvan behoort 'n bibliologiese benadering te geld. Dit beteken dat die Skrif self as die norm geneem word van wat as houdbaar of oortuigend beskou moet word.

In hierdie verband kan gewys word op die volgende vertrekpunte wat in Hoofstuk 3 van die boek (Hermeneutiese vertrekpunte) aangebied word. In die eerste plek moet gevra word na die gewigtigheid van die verskille. In die Hermeneutiese vertrekpunte word tereg daarop gewys dat in die eksegetiese onderskei moet word nie alleen tussen *heilsfeit* (indikatief) en *opdrag* (imperatief) (3.3.3, p.57 e.v.) nie maar ook tussen *fokuspunt* en *bysaak* (3.3.4, p.61 e.v.). Verder word daarop gewys dat die onderskeid tussen hierdie sake nie maar net langs die weg van analitiese eksegetiese bereik kan word nie. "Van die eksegeet word onderskeidingsvermoë geverg wat slegs die Heilige Gees aan hom kan verleen" (3.3.5, p.63). Verderaan op dieselfde bladsy word daarop gewys dat die Gees hierdie onderskeidingsvermoë verleen juis deur die eksegeet se besigwees met die Skrif. Dit beteken dat onsekerheid oor watter verklaring van die Skrif korrek is, slegs vanuit die Skrif self verkry kan word.

⁵ Vgl weer Knight se opmerkings op bl. 8-9 van sy respons

Bogenoemde vertrekpunte kan geïllustreer word aan die hand van Calvyn se verklaring van 2 Korintiërs 4:6. Vers 6 begin met die woorde: "God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn ..."⁶. Calvyn wys daarop dat hierdie woorde op vier verskillende maniere verklaar kan word:

- 1) Uit die duisternis van menslike dienswerk het God die lig van die evangelie in die wêreld gebring;
- 2) Uit die duisternis waarin die wet in die Ou Testament gehul was, het God die lig van die evangelie voortgebring.

Calvyn wys egter hierdie twee verklarings af omdat dit volgens hom 'n subtiële betekenis aan die teks toeken wat by nadere studie blyk glad nie is wat die apostel in hierdie Skrifdeel bedoel het nie.

- 3) Ambrosius: Die mensdom was in die duisternis van onkunde, maar God het die lig van die evangelie laat deurbreek;
- 4) Chrysostomos: God wat by die skepping lig uit die duisternis geroep het, het ook die lig van die evangelie in die mens se gees gegee.

Calvyn verkies laasgenoemde verklaring omdat dit na sy mening die teks ongeforceerd navolg. Ambrosius se verklaring daarenteen, bevat 'n ietwat geforseerde geestelike uitleg. Nogtans vind hy die verklaring in die lig van die konteks nie heeltemal onvanpas nie. Daarom skryf hy: "Let every one follow his own judgment" (1969b:199-200).

In die eerste plek moet opgemerk word dat die teks in 1 Korintiërs 4:6a nie die fokuspunt van die mededeling is nie maar 'n bysaak. Die hoofmededeling waaroor dit in die vers gaan, is dat God die lig van die evangelie laat deurbreek. Hieroor is beide verklarings waarvoor Calvyn ruimte gee, eenstemmig. Dit wil sê: Of Paulus hierdie heilsfeit in verband stel met die lig wat die duisternis van die onkunde verdryf, en of hy dit doen met die lig wat God by die skepping laat deurbreek het – hoewel belangrik vir die detailkegese – verander nie aan die heilsfeit van die vers nie.

Nogtans kan die manier waarop Calvyn die betrokke eksegetiese verskille hanteer, geneem word as 'n goeie voorbeeld van hantering van sulke verskille:

- By nie-kardinale sake kan daar wel verskillende verklarings van dieselfde teks wees waarin elkeen maar sy eie oordeel kan navolg.
- In ieder geval moet die verklaring verkies word wat die minste geforseerd is, wat met ander woorde die beste laat reg geskied aan dit wat daar geskryf staan.
- Verklarings moet reg laat geskied aan die bedoeling van die skrywer, soos uit die onmiddellike konteks blyk.
- Verklarings wat dit wat daar geskryf staan onnodig wil vergeestelik of 'n subtiële (verborge) betekenis daaraan wil verleen wat nie aan die teks self ontleen word nie, moet vermy word.

Hierdie eksegetiese uitgangspunte word deur Greijdanus (1946:138-9) soos volg onder woorde gebring: "Lang niet alles wat in de Heilige Schrift staat, moet letterlijk opgevat worden. ... Doch ook in zulke gevallen behoeven wij ons niet los te maken van hetgeen woordelijk uitgedrukt staat, maar moeten wij uitgaan van wat er letterlijk staat. ... Zoo blijft ook dan de letter a.h.w. den grondslag vormen, waarop bij zulke geestelijke vertolking de verklaring vaststaat. Deze 'vergeestelijking' mag ook dan geene ontwikkeling van eigen denkbeelden zijn, die men naar aanleiding van den tekst uitspint en slechts aan het gekozen Schriftwoord of Schrifdeel vasthecht ... Evenmin mogen we de letter der Heilige Schrift rationalistisch iets anders willen laten zeggen, dan ze doet, en haar van haren eigenlijken inhoud berooven."

⁶ Die volledige vers 6 lui: "Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlijkheid van God in die aanskouing van Jesus Christus."

Kortom: Waar daar onsekerheid is oor watter verklaring gevolg moet word, moet voorkeur verleen word aan die verklaring wat die getrouste hou by dit wat daar geskrywe staan. Of nog korter: Dit wat in die teks (en konteks) geskrywe staan, behoort die grondslag van alle Skrifverklaring te wees.

Die opmerking deur Greijdanus dat die eksegeet hom daarvan moet weerhou om op rasionalistiese wyse dit wat in die Skrif geskrywe staan iets anders te laat sê as wat daar wel staan, vra veral die aandag. Dit blyk immers dat die respondente juis in hierdie opsig kritiek het op *Manlik en Vroulik* se tweede verstaansopsie vir 1 Timoteus 2:8-15. In hierdie verstaansopsie word voorgestel dat 1 Timoteus 2:8-15 gelees moet word as voorskrifte vir die huwelik wat in antwoord op dwaalleer in verband met die huwelik geskryf is. Dr Knight se beswaar teen hierdie verstaansopsie is dat dit die teks presies die teenoorgestelde sê as wat daar geskrywe staan. In vers 12 het Paulus geskryf: "Ek laat die vrou nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie"; volgens die verklaring bedoel Paulus: "Ek laat die vrou wel toe om onderrig te gee en oor haar man te heers, op voorwaarde dat ..." ⁷ Dr Archbald bevind die verstaansopsie as "exegetically far-fetched. I'm not going to dispute whether it is 'tenable' or not. It is at best tenuous ⁸. Tenuous exegesis is not a sufficient basis for church decisions about polity." (response, p.8). Selfs dr Holwerda het sy verbasing oor hierdie verstaansopsie uitgespreek, met die opmerking dat sommige ondersteuners van "vroue in die amp" in die CRC waarskynlik die verklaring sou verwelkom het.

Hierbo is reeds daarop gewys dat die uiteenlopende eksegetiese waaroor daar in *Manlik en Vroulik* gerapporteer word, beslis verdere studie vereis. In die lig van die bovermelde hermeneutiese stellings van Greijdanus en opmerkings van die respondente is dit veral noodsaaklik dat daar opnuut na die eksegetiese houdbaarheid van die tweede verstaansopsie by 1 Timoteus 2:8-15 gekyk sal word.

4. DIE REDE VIR HANDHAWING VAN MEER VERSTAANSMOONTLIKHEDE

Hierbo in 3.2 is reeds op die gevaar van rasionalisme en subjektivisme gewys. Ook is daarop gewys dat die bedoeling van *Manlik en Vroulik* klaarblyklik nie is om een van hierdie weë op te gaan nie. Verder het dr Breed in sy toeligting by die GTV-konferensie daarop gewys dat die boek doelbewus bepaalde tendense en stromings in die hermeneutiek vermy. Dit sluit in tendense soos die histories-kritiese benadering, die literêre benadering, die resepsie-teoretiese benadering, die dekonstruktiewe benadering, beskouings van die relasionele waarheid en ook 'n postmodernistiese benadering. Verskeie van hierdie tendense, bv. die resepsie-teoretiese benadering, dekonstruksie en die postmodernisme, bevat elemente van subjektivisme.

Hoewel die outeurs van die boek hulle van sulke tendense distansieer, bestaan die gevaar egter dat lesers die boek deur een of ander tendensieuse bril mag lees. Reaksie wat tydens die GTV-konferensie van die vloer af gekom het, het gewys dat die boek nog duideliker teen sodanige tendense verskans moet word.

- Teen die relasionele waarheidsbeskouing – sodat lesers nie tot die gevolgtrekking kom dat die Bybelse uitsprake (oor manlik en vroulik) nie vasstaande waarhede bied nie en dat dit bloot maar afhanklik is van die konteks waarin dit gestel word.
- Teen die resepsie-teoretiese benadering – sodat lesers verhoed word om uit die boek te wil aflei dat enige verstaan van die Bybel (*in casu* dat al die verstaansmoontlikhede wat in die boek aangebied word) in orde is, aangesien alle verstaan

⁷ In dr Knight se gesproke respons by die konferensie.

⁸ Oxford Dictionary: Tenuous = "Swak, waarskynlik nie-bestaande".

van 'n teks maar 'n subjektiewe aangeleentheid is en alle verstaansmoontlikhede dus maar ewe waar is.

- Teen die dekonstruktiewe en/of postmodernistese benadering – sodat lesers verhoed word om te meen dat die Bybel se spreke oor manlik en vroulik maar net menslike taal-konstrukte is en nie die werklikheid kan weergee nie. Hieruit sou dan volg dat elkeen (elke kerk) uiteindelik maar kan doen wat hy wil, ongeag wat daar in die Bybel geskrywe is, omdat daar geen vaste waarheid is nie.

Kortom: Die boek *Manlik en vroulik* sê nie dat al die verstaansmoontlikhede wat voorgestel word waar of ewe waar is nie. Die boek sê ook nie dat kerke nou maar as gevolg van verskillende verstaansmoontlikhede in hierdie verband maar kan doen wat hulle wil nie. As kerke nogtans hierdie reaksie op die boek sou hê, sou die water inderdaad dieper wees as wat ons vermoed.

Daarom moet onderstreep word wat in 17.3.1 (p.202) van die *Manlik en Vroulik* geskryf is: "In hierdie studie word aanvaar dat God se Woord sy openbaring van die vasstaande, onveranderlike waarheid oor Homself, sy wil en ons verlossingsweg bevat. God weerspreek Homself nie in sy Woord nie, en gee daarom ook nie twee teenoorstaande 'waarhede' oor 'n saak nie." Dit geld ook vir die waarheid wat God in sy Woord bekendmaak oor sy wil oor die rol van manlike en vroulike lidmate van sy kerk. Indien hierdie aanvaarde standpunt in *Manlik en Vroulik* nie duidelik genoeg na die lesers oorkom nie, roep ook hierdie saak om hersiening.

GERAADPLEEGDE BIBLIOGRAFIE

- Archbald, P.N. 2008. Response to Male and female in the church – Gender in the Ordained Ministries. Ongepubliseerde notas, GTV-konferensie op 22 en 23 April 2008 te Potchefstroom.
- Beveridge, H. 1930. Tracts relating to the Reformation by John Calvin. Edinburgh: T & T Clark.
- Calvin, J. 1979a. Commentary on a Harmony of the Evangelists, translated from the original Latin by the rev. William Pringle. Grand Rapids: Baker Book House.
- Calvin, J. 1979b. Commentary on a Epistles of Paul the Apostle to the Corinthians, translated from the original Latin by the rev. John Pringle. Grand Rapids: Baker Book House.
- Greijdanus, S. 1964. Schriftbeginselen ter Schriftverklaring. Kampen: Kok.
- Knight, G.W. 2008. A Response to Male and female in the church, Gender in the ordained ministries. Ongepubliseerde notas, GTV-konferensie op 22 en 23 April 2008 te Potchefstroom.
- Murray, Iain. 1984. The Life of John Murray: Professor of Systematic Theology, Westminster Theological Seminary, Philadelphia, Pennsylvania 1937-1966. Banner of Truth. Vgl ook [http://en.wikipedia.org/wiki/John_Murray_\(theologian\)](http://en.wikipedia.org/wiki/John_Murray_(theologian)).
- Sikkema, H 1999. Understanding the Scriptural Principle of Worship.
- Williamson, G.I. 2001. The Regulative Principle of Worship. Referaat gelewer tydens 2001 International Conference of Reformed Churches (ICRC) te Westminster Theological Seminary, V.S.A.